

Kom vier saam met ons die kunste by die
17de Clover Aardklop Nasionale Kunstefees
van 7 – 11 Oktober 2014 in Potchefstroom.



SKEP JOU EIE AVONTUUR BY CLOVER AARDKLOP

www.cloveraardklop.co.za



CLOVER AARDKLOP
7-11 OKT. 2014
DIS JOU FEES



KONTAKBESONDERHEDE

Algemene navrae:

www.cloveraardklop.co.za

admin@aardklop.co.za

018 294 7509

Kaartjies:

Beskikbaar by www.computicket.co.za

Feesverblyf:

www.feesverblyf.co.za

018 285 2348

aardklop@feesverblyf.co.za

Volg ons op:

FB - <https://www.facebook.com/Aardklop>

Twitter - @AardklopFees

TONEEL 4

MUSIEK 10

KLASSIEKE MUSIEK 13

WOORDKUNS 15

TERREINPROGRAM 16

KINDERPROGRAM 18

TOEGANG 19

Art (Eng.) (No u/14: L) (Comedy)

A man spends an exorbitant amount of money on a completely white painting. It makes him extremely happy. Little does he realise that this decision will seriously jeopardise his relationship with his two closest friends. This award-winning comedy by the French writer Yasmina Reza is a wry look at the nature of friendship, the fault-lines that run through even the closest relationships and the power of art to please, disturb and challenge. With Christiaan Olwagen, Wessel Pretorius and Wilhelm van der Walt. Playwright: Yasmina Reza. Director and designer: Marthinus Basson. A TEATERteater Production.

Potchefstroom Central School – 70 min. – R100. 7 Okt. – 16:30, 8 Okt. – 20:00, 9 Okt. – 16:30, 10 Okt. – 20:00, 11 Okt. – 14:00

Affairs vir domkoppe 2 (Afr.) (Geen o/12: T)

Nou maar toe, julle het gevra, gesmeek en gepleit vir 'n opvolg en hier is dit nou. Vars gebak! En laat ons nou nie doekies omdraai nie – die nuwe domkoppe is selfs dommer as die ou domkoppe. As jy die eerste domkoppe kom kyk het, sien ons jou beslis weer. Indien nie, hier's jou kans om IN te wees by die *cool* groep. Met Chris Vorster as die praatkous, Pierre van Pletzen as die berader en met Willie Steyn se bitter kunstige kunswerke. Terloops, die eerste *Domkoppe* is genomineer vir 'n Fiësta-prys – dit spreek vanself. Vervaardiger: Giep van Zyl. Première.

Girls High – 70 min. – R120.

10 Okt. – 20:00, 11 Okt. – 09:00

ATKV-Tienertoneelfinaal (Afr.) (OB)

Tien produksies ding mee in die finaal van die 50ste ATKV-Tienertoneelkompetisie. Prys geld van R60 000 is op die spel. Die Hoër Meisieskool Bloemhof is verlede jaar aangewys as die wenner met *Sneeuwitjie en die sewe zombies* (teks en regie deur Christiaan Olwagen en André Gerber). In 1965 het die kompetisie begin met 22 toneelgroepe uit die ou Transvaal. Vandag, 50 jaar later,

neem hoërskole van regoor die land deel en met 185 toneelstukke is dié gesogte kompetisie strawwer as ooit. Hier is maar 'n paar van die groot name wat hul talente op die ATKV-Tienertoneelverhoog geslyp het: Alex Alexander, Anneke Weideman, Anton Treurnich, Christo Davids, Francois Toerien, Jacques Bessenger, Jak de Priester, Johann Nel, John-Henry Opperman, Lindie van Eeden, Neels van Jaarsveld, Patrick Shabangu, Pedro Kruger, Roeline Daneel en Viljé Maritz.

ATKV Hoër Tegniese Skool Potchefstroom

– 100 min. – R70. ATKV-Tienertoneel 1:

7 Okt. – 09:00 en 8 Okt. – 11:30; ATKV-Tienertoneel 2: 7 Okt. – 11:30 en 8 Okt. –

14:00; ATKV-Tienertoneel 3: 7 Okt. – 14:00

en 8 Okt. – 16:30; ATKV-Tienertoneel 4:

7 Okt. – 16:30 en 9 Okt. – 09:00; ATKV-Tienertoneel 5: 8 Okt. – 09:00 en 9 Okt.

– 11:30. ATKV-Tienertoneel: Wenner en

naaswenner – 100 min. – R85:

10 Okt. – 12:30 en 11 Okt. – 10:00

Beauty Queen (Afr.) (Geen o/12: S)

Twee broers beland in die spervuur tussen 'n manipulerende ma en haar veertigjarige dogter se laaste kans op 'n liefdesverhouding. Elke keer as jy midde-in 'n lagbui dink jy het 'n greep op die gegewe, neem die drama 'n verrassende wending wat jou keer op keer uitboul. *Beauty Queen* het vier Tony's, die Critic's Circle-, Drama Desk- en Evening Standard-pryse gewen. Regisseur Henry Mylne is by die Suidoosterfees met die Skouerklomp-toekenning bekroon. Met Marga van Rooy, Hanli Rolfes, Denver Vraagom en Duncan Johnson. Teks: Martin McDonagh. Verwerking en vertaling: Hugo Taljaard. Regie: Henry Mylne.

kykNET Gimmies – 90 min. – R120. 7 Okt.

– 20:00, 8 Okt. – 09:00, 9 Okt. – 12:30,

10 Okt. – 09:00, 11 Okt. – 16:30

Bidsprinkaan (Afr.) (Geen o/10: S)

Kupido Kakkerlak is nie gebore nie, hy is uitgebroei uit die stories wat sy ma vertel het. Leuenaar, drinker, minnaar en bakleier van die

kontrei tot hy 'n man van God word. Sy lewe as eerste Khoi-sending is 'n belangrike stuk geskiedenis vir die Suid-Afrika van vandag. *Bidsprinkaan*, 'n hoogtepunt in André P. Brink se oeuvre, is bekroon met die M-Net-prys en die UJ-prys vir skeppende skryfwerk. Die produksie is benoem vir sewe Fiësta-pryse, met Lee-Ann van Rooi wat die Fiësta-prys vir die beste vroulike byspeler gewen het vir 2013. Met Elton Landrew, Lee-Ann van Rooi, Gideon Lombard en Crystal Donna Roberts. Roman: André P. Brink. Verwerking: Saartjie Botha. Regie: Janice Honeyman.

'n Suidoosterfees-produksie.

kykNET Gimmies – 90 min. – R120. 7 Okt. – 16:30, 8 Okt. – 12:30, 9 Okt. – 20:00, 10 Okt. – 12:30, 11 Okt. – 20:00

Bloed & Rose: Die lied van Jeanne en Gilles (Afr.) (A)

Dis 1430. Vir negentig jaar voer die Engelse reeds 'n stryd teen die Franse. Die Franse koningshuis is in 'n hoek gedryf en die geldkas uitgeput. Aangevuur deur goddelike visioene lei 'n jong herderin, Jeanne d'Arc, die Franse leer in 'n segetog om 'n einde aan die oorlog te maak. Haar stryd stel die Franse prins in staat om as koning gekroon te word. In die proses stel Jeanne haar egter bloot aan die Kerk, Staat en die bourgeoisie se vrees vir die mag van 'n individu. Sy word op negentienjarige ouderdom na die brandstapel gestuur en verbrand as heks. Dié aanvegbare besluit van die Staat en Kerk ontketen 'n orgie van bloedlus in haar grootste bewonderaar en gevegsgenoot, maarskalk Gilles de Rais. In dié opspraakwekkende drama gebruik die gevierde Belgiese skrywer Tom Lanoye historiese gegewe om as 'n spieël vir die 21ste eeu te dien en beredeneer die stelling: as die Staat en Kerk kan doen net wat hulle wil, waarom dan nie die individu nie. Met onder andere Nicola Hanekom, André Roothman, Anna-Mart van der Merwe, Antoinette Kellermann, Dawid Minnaar,

Wessel Pretorius en Stian Bam. Teks: Tom Lanoye. Musiek: Dominique Pauwel. Regie en ontwerp: Marthinus Basson. Vervaardiger: Hugo Theart. 'n TEATERteater-produksie. Premiëre. Moontlik gemaak deur Naspers.

Sanlam Auditorium – 180 min. – R130. 7 Okt. – 09:00, 8 Okt. – 15:00, 9 Okt. – 09:00, 10 Okt. 15:30, 11 Okt. 09:00

Cheaper than Roses (Eng.) (No u/14)

Sometimes running away from who we are brings us closer to who we are. Sometimes the past and the present merge in a way that forces us to confront and accept the unacceptable. A heart-warming, unusual, funny and sad story of a woman who did not want to be "cheaper than roses". With Lizz Meiring. Playwright: Ismail Mahomed. Director: Zane Meas. Music: Coenie de Villiers. Costumes: Mariska Meyer. Set and lighting: Kosie Smit. Producer: Kosie House of Theatre. Made possible by the Suidoosterfees and NAF.

Potchefstroom Central School – 55 min. – R110. 7 to 10 Okt. – 12:30, 11 Okt. – 09:00

dadb... Dowwe Dolla betaal belasting (Afr.) (A) (Komedie)

Dolla sukkel om haar eerste belastingopgawe in te dien en kry hulp by eksperts soos Kenny Kunene en Rashid van die Vlakte. Sy besluit ook om navorsing te doen oor wie eintlik in *charge* is van die geld wat sy betaal en maak 'n *dinner date* met die ambassadeur van China. Dolla vat die gehoor weer eens op 'n *roller-coaster*-rit wat elke nou en dan dreig om te ontspoor... want net soos brandewyn, het belasting nie brieke nie.

Girls High School – 90 min. – R110. 7 Okt. – 20:00, 8 Okt. – 09:00, 9 Okt. – 12:30, 10 Okt. – 14:30, 11 Okt. – 20:00

Die-hoe-se-wat-se-wie-nou-weer? (Afr.)

(A) (Komedie)

Bertie en Alfrieda Botha is ou getroudes wat nie sonder nie, maar soms ook nie mét mekaar kan leef nie. Die geheue is nie meer so waffers nie en dit lei tot erge konsternasie. "Dis 'n verhoogstuk wat die oudword proses met 'n ongelooflike graad van detailryke waarnemingsvermoë, asook met sterk identifikasie en empatie binnedring," skryf Paul Boekkooi. 'n Lag-met-'n-traan-produksie. Met Wilson Dunster en Elize Cawood. Teks: Ilne Fourie. Regie: Johan Engelbrecht.

C6 Opvoedkunde (POK-hoofsaal) – 60 min.

– R120. 7 Okt. – 12:30, 8 Okt. – 12:30, 9

Okt. – 14:00, 10 Okt. – 14:30,

11 Okt. – 14:30

Die klaagliedere van ds. Tienie Benade (A)

Ds. Tienie Benade is 'n middeljarige predikant van 'n sukkelende Afrikaanse gemeente. Die gemeente se lot is dieselfde as die van baie ander gemeentes: die lidmaatgetalle kwyn, die gemeente se skuld las groei en die gemeentelide wat steeds tot die kerk behoort, is onseker hoe om sinvol in 'n moderne wêreld te bly glo aan God. Dis 'n storie van verdriet, maar ook 'n storie van die hoop wat nie beskaam nie. Met Frank Opperman. Teks: Dana Snyman. Regie: Gerrit Schoonhoven.

C6 Opvoedkunde (POK-hoofsaal) – 55 min.

– R100. 7 Okt. – 16:30, 8 Okt. – 20:00, 9

Okt. – 09:00, 10 Okt. – 17:00,

11 Okt. – 17:00

Die seemeeu (Afr.) (Geen o/16: T/S)

'n Sterbelaaide rolverdeling in 'n nuwe verwerking van Anton Tsjehof se klassieke meesterstuk. Die temas is tydloos: 'n seun probeer sy ma beïndruk, iemand droom van roem, ander het versugtings om verledes te verander. Almal is onvergenoegd. Almal smag na liefde, na sukses, na vervulling. *Die seemeeu* verken emosie, kreatiwiteit en liefde met die presisie van 'n wetenskaplike, maar

ook 'n passievolle digtershart. 'n Tragikomiese ode aan onvervulde liefde. Met Sandra Prinsloo, Marius Weyers, Gerben Kamper, Alyzander Fourie, Rolanda Marais, Martelize Kolver, Albert Pretorius, Geon Nel en Cintaine Schutte. Teks: Anton Tsjehof. Verwerking en vertaling: Saartjie Botha. Regie: Christiaan Olwagen. 'n Clover Aardklop-produksie. Première.

Sanlam Ouditorium – 120 min. – R130. 7

Okt. – 20:00, 8 Okt. – 09:00, 9 Okt. – 20:00,

10 Okt. – 09:30, 11 Okt. – 16:30

Dogma (Afr.) (Geen o/16: D/T)

'n Jong man ondersoek die verbrokkeling van sy ouers se verhouding nadat sy pa, 'n predikant, gediagnoseer is met veelvuldige sklerose. 'n Eietydse Job in die woestyn. Dis 'n gesprek tussen geskiedenis en geloof, identiteit en bestaan, menslikheid en die magiese. 'n Verhaal oor grootword in 'n huis met Dylan en dogma. Bekroon met 'n Kanna vir beste debuutproduksie asook beste produksie tydens Absa KKNK 2014.

Met Erik Holm, Tinarie van Wyk Loots, Rolanda Marais, Albert Pretorius, Roelof Storm en Bontle Wichterich-Mohane. Teks en regie: Christiaan Olwagen. Choreografie: Ina Wichterich. Musiek: Charl-Johan Lingenfelder. 'n Absa KKNK-produksie.

Eerste Vesting Kerk – 80 min. – R115. 7

Okt. – 14:00, 8 Okt. – 20:00, 9 Okt. – 13:30

en 16:00, 10 Okt. – 13:00 en 20:00,

11 Okt. – 11:00.

Feeskatte (Afr.) (Geen o/14: T)

(Dramakomedie)

Wat is 'n kunstefees sonder katte met Boere-Ascot-veredosse? 'n Kleedkamerdeur klap toe. Pandora-poppe dans. Die feeskatte het geen wegomkans van botsende mantras nie. Die *pressure cooker* blaas sy top en die Papageno-vere vat vlam. Is nege lewens genoeg om jou

op jou pote te laat land? Met Elsabé Daneel, Joanie Combrink en Susanne Beyers. Teks: Christiaan Olwagen en Martelize Kolver. Regie: Christiaan Olwagen. Vervaardiger: Elsabé Daneel Produksies. Ondersteun deur Fat Bastard en NB-Uitgewers.

Girls High – 70 min. – R120. 7 Okt. – 16:30, 8 Okt. – 12:30, 9 Okt. – 16:30, 10 Okt. – 12:00, 11 Okt. – 17:00

Gepiekel (Afr.) (OB: T) (Komiese drama)
Dié komiese drama van Schalk Schoombie, wanner van die AngloGold Ashanti/Aardklop-Smeltkroesprys in 2012 vir *Liefde, Anna*, speel af op 'n Vrystaatse dorpie waar behoudende waardes so swaar weeg soos die kuns van piekel. Josias Appelgryn profeteer dat hy ná 100 dae uit die dood gaan opstaan. Dis voorbladnuus en die hele gemeenskap is in rep en roer. Ester se resep vir ingelegele suurappeltjies bewaar 'n donker geheim. Spys en drank kan jou vreemde dinge laat sien en glo en dis die twee kinders, Laura en Petrus, wat die kloutjie by die oor moet bring. Wat het regtig met Josias gebeur? Met onder andere Alwyn van der Merwe, Marie Pentz, Neels van Jaarsveld en Altus Theart. Teks: Schalk Schoombie. Regie: Henry Mylne. Vervaardiger: Giep van Zyl. 'n Clover Aardklop-produksie. Premiëre.

Girls High – 80 min. – R120. 7 Okt. – 09:00, 8 Okt. – 20:00, 9 Okt. – 09:00, 10 Okt. – 17:00, 11 Okt. – 12:00

Going Gooding (Eng.) (A) (Comedy)
For decades Malcolm Gooding's golden voice has been soothing South African ears – as narrator on *Squad Cars* and now as presenter of *Criminal Minds*. He introduced SA teenagers, across colour and language lines, to Creedence, Santana, and Led Zep. Hear him imitate Anton Hartman, Pat Kerr and Charles Fortune. Chant along as he pokes fun at classic cigarette ads. *Going Gooding* is a nostalgic

and hilarious look at the golden age of broadcasting. It's a unique sound experience!
Potchefstroom Central Primary – 60 min.
– R120. 7 Okt. – 20:00, 8 Okt. – 09:00, 9 Okt. – 20:00, 10 Okt. – 16:30, 11 Okt. – 11:30

Groet die grotman (Afr.) (Geeen o/16: T) (Komedie)

'n Humoriese verkenning van die verskille tussen mans en vroue, hoekom dit so is en waarom dit nooit sal verander nie. Want mans is jagters en vroue is vergaarders. Kom leer iets van jouself en om die teenoorgestelde geslag beter te verstaan. *Groet die grotman* is 'n Suid-Afrikaanse teaterfenomeen wat Afrikaanse gehore sedert 2005 vermaak en met meer as 900 uitverkoopte vertonings hou dit die rekord vir die Afrikaanse produksie wat die langste in Suid-Afrika opgevoer word. Met Hannes Muller. Teks: Rob Becker. Vertaler: Koos Kombuis. Regie: Sandra Prinsloo. Vervaardiger: Lefra Produksies.

Totiusaal – 140 min. – R120.
7 Okt. – 12:30, 8 Okt. – 09:00 en 16:00, 11 Okt. – 13:00 en 20:00

HOL Marion! (Afr.) (A) (Komedie)
Hol jy saam, hol jy weg of hol jy in die hek vas? Ons almal hol mos anders en vir ander redes! Marion Holm hol vir haar lewe. Sy hol vir haar brood en botter... letterlik, want sy's hol van binne, soos in leeg... soos in HONGER! Met Marion Holm. Teks: Marion Holm en Chris Vorster. Regie: Chris Vorster. Vervaardiger: Handyminds.

Girls High – 75 min. – R115. 8 Okt. – 15:30, 9 Okt. – 20:00, 10 Okt. – 09:00, 11 Okt. – 14:30

Jou gat my skat! (Afr.) (OB) (Komedie)

Teenooergesteldes trek mekaar aan en soms uitmekaar. *Jou gat my skat!* is 'n komiese blik op twee uiteenlopende pole in die samelewing: hardegat en slagpat. Jy gaan aspekte van jouself en jou verhoudings herken, want daar's 'n dosis hardegat of 'n knypie slagpat in elkeen van ons. Dié opvolg van *Windgat* en *Banggat* met slagpat Cobus Venter en hardegat Marisa Drummond gaan jou laat lag, maar ook aan die dink sit. Teks: Barry van Rensburg. Regisseur: Elizma Badenhorst. Vervaardiger: Barry van Rensburg.

C6 Opvoedkunde (POK-hoofsaal) – 70 min.
– R110. 7 Okt. – 09:00, 8 Okt. – 16:30,
9 Okt. – 16:30, 10 Okt. – 20:00,
11 Okt. – 20:00

Krêkvars: Wenner

Die wenner van die Krêkvarsfees, wat jaarliks deur die dramadepartement van die Universiteit van Pretoria aangebied word, is by Clover Aardklop te sien. Dit is 'n fees wat opwindende nuwe werk en jong talent oplewer.

Potchefstroom Central School – 60 min. – R80. 7 Okt. – 09:00, 8 Okt. – 16:30

Melusine van Arcadia (Afr.) (Geen o/13: N)

Drie susters woon saam in 'n woonstel in Pretoria. Die jongste, Melusine, is 'n meermin. Ná hul moeder se ontydige dood is die raaisel oor Melusine se herkoms deel van almal se werklikheid. Sy word toenemend onrustig en rebels en probeer haar susters dwing om haar vry te laat. 'n Magiese verhaal oor die mens se begeerte na vryheid. Krêkvarsfees-wenners 2013. Met Stephanie Gericke (Uitskieterpryswenner van Woordfees 2014), Sharlien Schwarz en Zia Sonnekus. Teks en regie: Corné Joubert.

Potchefstroom Central School – 60 min. – R80. 9 Okt. – 09:00, 10 Okt. – 09:00,
11 Okt. – 17:00.

Mime le France met mimiekmeester

Johan Jacobs (Afr.) (A)

Die naam John Jacobs is nou reeds welbekend in Suid-Afrika en in Parys, Frankryk, staan hy bekend as die “le diblotin” (klein duiweltjie en manipuleerder) van die Franse mimiekbedryf. Hy is 'n gebore Suid-Afrikaner, die enigste Suid-Afrikaanse mimiekmeester in die Marcel Marceau-tradisie van klassieke mimiek. Die bekende mimiekmeester, John Jacobs, is terug met sy produksie wat die wêreld bekoor. Sonder woorde, met slegs bewegings en uitdrukkings, Volgens John is ware mimiek die siel van die uitvoerende kunste. “Dit is waarom my gehore hulle totaal aan die wonderlike kuns van die mimiek oorgee – as hulle lag, dan skater hulle en as hulle huil, sien jy trane vloei,” sê hy.

Totiusaal – 110 min. – R120.

7 Okt. – 09:00, 8 Okt. – 12:30,
9 Okt. – 14:30

My boetie se sussie se ou (Afr.) (OB o/13: T) (Klug)

As jy dink jou lewe is ingewikkeld, plaas jouself vir 'n oomblik in John Smith se skoene – die taxi-bestuurder met twee vroue en nou ook twee gesinne! In *My boetie se sussie se ou* het John steeds twee families in verskillende dele van Londen, albei dolgelukkig en salig onbewus van mekaar. Wanneer sy twee tieners, 'n dogter van die een gesin en 'n seun van die ander, mekaar via die internet raakgesels en besluit om mekaar te ontmoet, versnel John se reeds gejaagde lewe tot in die hoogste rat en moet hy spook om hulle uitmekaar te hou. Met David Rees, Hennie Smit, Ana van Achterbergh, Anel du Plessis, Botha Enslin, Cindy Swanepoel en Francois van Rensburg. Teks: Ray Cooney. Vertaling: Pierre van Pletzen. Regie: Frans Swart. Vervaardiger: Lefra Produksies.

Totiusaal – 130 min. – R120/R135/R150.

9 Okt. – 20:00; 10 Okt. – 09:00,
14:00 en 19:00; 11 Okt. – 09:00

Na-aap (Afr.) (A)

'n Verwerking van Franz Kafka se aangrypende *A Report to an Academy* waarin 'n aap, Rooi Piet, wetenskaplikes by 'n konferensie toespreek oor die verloop van sy lewe – van sy reis per skip van die oerwoude van Afrika na Hamborg, Duitsland, en hoe hy sy ingehokte bestaan oorleef het deur menslike gedrag te bestudeer en na te boots. Rooi Piet se verslag oor die gedaantewisseling van aap na mens bied 'n kritiese en onthutsende perspektief op wat die mens is en hoe hy optree. Dit kyk ook hoe kultuur, beskawing en gewoontes die natuur verwing, en hoe die mensdom weens aangeleerde gedrag nooit werklik vry kan wees nie. Met De Klerk Oelofse. Vertaling: Arnold Blumer. Choreografie: Ina Wicherich. Regie en ontwerp: Jaco Bouwer. 'n Clover Aardklop-produksie. Moontlik gemaak deur Aardklop 21.

Boys High – 60 min. – R95. 7 Okt. – 09:00, 8 Okt. – 14:30, 9 Okt. – 09:00, 10 Okt. – 16:30, 11 Okt. – 12:30

Oom Schalk Lourens se mampoerstories in Afrikaans (Afr.) (A) (Komiese vertelling)

Oom Schalk Lourens, 'n doodgewone boer wat eintlik 'n meester van oorlamse dubbelsinnigheid is, vertel stories oor oorloë en liefdes, gelowe en bygelowe, onkunde en wysheid, vooroordele en insigte, en deugde en sondes van 'n plattelandse Afrikaanse gemeenskap. Dié stories, met so 'n slukkende mampoer op sy tyd, het van die skrywer Herman Charles Bosman 'n huishoudelike naam gemaak. Dit word vir die eerste keer in Afrikaans op die verhoog aangebied. Met Paul Lückhoff. Teks: Herman Charles Bosman. Verwerking en regie: Frans Swart. Vervaardiger: Lefra Produksies. Premiêre.

Totiusaal – 90 min. – R120. 7 Okt. – 16:00, 9 Okt. – 09:00, 11 Okt. – 16:00

Rondomskrik (Afr.) (OB o/13)

Antjie Fortuin, 'n tienermeisie met sakke vol potensiaal, ontmoet vir Jasmien Jacobs, 'n skoolonderwyseres wat sien dat Antjie sal blom met 'n bietjie aandag – ten spyte van

haar aanneemma, haar regte ma wat in die tronk is en die maalkolk van dwelms en geweld wat deel van haar omgewing is. Maar Antjie wil vlieg. Dan kom daárdie Vrydagaand. En alles verander. #UitkykAntjie. Met Shaleen Surtie-Richards, Lee-Ann van Rooi, Crystal-Donna Roberts en Richard September. Teks: Rachelle Greeff. Regie: Hennie van Greunen. 'n Produksie van Wordsmith's Theatre Factory en die Absa KKNK, ondersteun deur die L.W. Hiemstra Trust.

kykNET Gimmies – 90 min. – R120. 7 Okt. – 12:30, 8 Okt. – 16:30, 9 Okt. – 16:30, 10 Okt. – 20:00, 11 Okt. – 09:00

The Return of Elvis du Pisanie (Eng.) (A)

Eddie grows up in Modderfontein and is an Elvis Presley fanatic. He gets married, has kids and finds a job selling underfloor heating. He decides that his life is worthless and decides to commit suicide by gassing himself in his car. While he is waiting for the carbon monoxide to make him unconscious, he turns on the radio only to hear Elvis singing. *The Return of Elvis du Pisanie* takes a poignant look at the journey of a man who reconnects with the future. Funny, physical, and deeply personal. Written by Paul Slabolepszy and performed by Lionel Newton. Director: André Odendaal.

C6 Opvoedkunde (POK-hoofsaal) – 70 min. – R110. 7 Okt. – 20:00, 8 Okt. – 09:00, 9 Okt. – 11:30, 10 Okt. – 12:00, 11 Okt. – 09:00

Titanik: Een yslike avontuur (Afr.) (A) (Komedie)

Duran Sage McNeil-O'Sullivan Fielies, ook bekend as Durrie, verloor sy job. Dissie laaste Vrydag vannie maand, sonder geld, niks bier, sy rent is drie maande laat en Moeder is moeg vir sy verskonings. Couriers daag op, nogal innie Athlone, en gee vir hom 'n brief allie pad vannie Southampton. Nou moet hy bewys dat sy grootoupagrootjie oppie RMS Titanic oorlede is sodat hy sy erfporsie kan gaan haal. Het sy skip uiteindelik ingekom? Die beroemde

TONEEL

akteurs Jody Abrahams en Christo Davids is in dié gehoor-interaktiewe-improvisasie-avontuur-komedie te sien waarin die gehoor help deur rolle te vertolk en die akteurs lekker lag.

Vervaardiger: Jester Productions. “Mag Davids en Abrahams die maltraptradisie volhou... Dit werk uitstekend in Afrikaans met die heerlike plaaslike verwysings wat gesorg het dat die stampvol saal gister histories was.” – Laetitia Pople, *Die Burger/Krit*

C6 Opvoedkunde (POK-hoofsaal) – 70 min. – R110. 9 Okt. – 20:00, 10 Okt. – 09:00, 11 Okt. – 12:00

Vir ewig en altyd (Afr.) (OB o/13)

Topverkoper by die Absa KKNK, Innibos en die Vryfees. Pam en Danie is 38 jaar getroud. Gelukkig. 'n Terminale siekte. Pam neem 'n besluit. Danie stem in, maar nie saam nie. Die gehoor word getuies van die intieme finale reis, meesterlik gespeel deur twee Suid-Afrikaanse teater-ikone. “Dis die broosheid van die lewe wat by jou vassteek.” – *Die Burger*. Met Marius Weyers en Sandra Prinsloo. Tekst: Tom Holloway. Vertaling en regie: Hennie van

Greunen. 'n Wordsmith's Theatre Factory Produksie.

kykNET Gimmies – 90 min. – R120. 7 Okt. – 09:00, 8 Okt. – 20:00, 9 Okt. – 09:00, 10 Okt. – 16:30, 11 Okt. – 12:30

Wentel (Afr.) (A)

Tafelberg is 'n eiland. Emma, haar pa en 'n groep desperate vlugtelinge klim op 'n trein na die Karoo, weg van die dreigende water wat alles kom terugeis. Maar vir Emma is hierdie nie die einde van die wêreld nie, dis die volledige sirkel – sy weet met die see kom klein Simon terug. Met Anna-Mart van der Merwe, Pedro Kruger, Richard Antrobus, Lanel van der Kolff, Greta Pietersen, André Terblanché, Nieke Lombard, Chanel van Wyk en Liesel Harris-Kruger. Tekst en regie: Nico Scheepers (onder mentorskap van Hennie van Greunen). 'n Produksie van die Wordsmith's Theatre Factory en die Absa KKNK.

Boys High – 80 min. – R120. 7 Okt. – 20:00, 8 Okt. – 20:00, 9 Okt. – 20:00, 10 Okt. – 12:30 en 20:00, 11 Okt. – 14:30 en 16:30

MUSIEK

Amanda Strydom – 'n Vuur gevang in glas (Afr.) (Geen o/13)

Amanda Strydom lewer in dié literêre kabaret 'n kragtoer met die werke van haar mentor, Hennie Aucamp – allerweë beskou as die vader van Afrikaanse kabaret. Hy is vanjaar in die ouderdom van 80 oorlede en dié kabaret is Strydom se huldeblyk aan hom. 'n *Vuur gevang in glas* was die eerste kabaret wat regstreeks op radio voor 'n gehoor uitgesaai is tydens RSG se radiokunsteftes in 2013. Strydom word begelei deur Coenraad Rall.

Laerskool Mooirivier – 70 min. – R125. 7 Okt. – 17:00, 8 Okt. – 20:00, 9 Okt. – 14:30, 10 Okt. – 12:00, 11 Okt. – 17:00

Andriëtte Norman en Schalk Joubert – Vinkel en Koljander (Eng./Afr.) (A)

'n Opwindende samekoms van twee kunstenaars vanuit teenoorgestelde spektrums van ons land se musiek. Andriëtte het 'n reuse-stem. Schalk is 'n baskitaar-virtuoos. En die oomblik wanneer hulle saam begin musiek maak, maak alles sin. Hulle pak 'n intieme, dog energieke reis aan waarin hulle hul eie musiek en van vele Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Johnny Clegg en Miriam Makeba tot dié van internasionale sterre soos Paul Simon besoek. Schalk kan dit speel, Andriëtte kan dit sing. Dié produksie, met van Suid-Afrika se beste musikante, belooft om opwindend,

MUSIEK

insiggewend en van die hoogste gehalte te wees. Première.

Laerskool Mooirivier – 70 min. – R100.

8 Okt. – 17:00, 9 Okt. – 10:00

Beautiful Noise – 'n Huldeblyk aan Neil Diamond (Afr.) (A)

Op sesjarige ouderdom het Alwyn Oberholster sy passie vir musiek ontdek en so het sy sangloopbaan begin. Nadat hy aan verskeie sangkompetisies deelgeneem het en die “pub scene” deurgedraf het, het hy besluit dit is tyd om die teater te betree en so is *Beautiful Noise – 'n Huldeblyk aan Neil Diamond* gebore. “My stem pas Neil Diamond se liedjies soos 'n handskoen, maar ek probeer nie soos hy sing nie. Daar is net een mnr. Diamond en ek lewer my eie vertolking van die liedjies.” Bindingstekes en regie: Frans Swart.

Totiusaal – 70 min. – R100.

8 Okt. – 20:00

CH2 (A)

Met 'n Sama-prys, verskeie konserte oorsee en toere landwyd, het CH2 hulle gevestig as een van die beste kitaarduo's in Suid-Afrika. Hul *crossover*-musiek het gehore gaande in 'n program wat wissel van klassieke kitaarmusiek tot hedendaagse treffers, en tussendeur waag hulle hul hand aan komedie met 'n paar skreeusnaakse nabootsings. Met Corneille Hutton-Burger en Leon Gropp.

Laerskool Mooirivier – 70 min. – R110.

10 Okt. – 20:00, 11 Okt. – 14:00

Die Jaloersbökkies (Afr.) (A)

Kom sit terug in jou stoel, trek nader die koeksister en koffie en skakel in op *Jaloersbökkies FM* terwyl programaanbieders Nedine Blom en

Jawaahier Petersen jou geselskap hou. Word bekoor deur treffers soos “Waterblommetjies”, “Daar kom die Alabama”, “Sarah de Jager”, “Die trane die rol oor jou bokkie” en 'n hele paar Taliep Petersen-gunsteling wat insluit “Welcome to Cape Town”, *Ali Baber* (kykNET) se “Dickie Buttonkop”-liedjie en vele meer. Nou toe, moenie slange hang nie en bespreek sommer nou! Maak jou gereed vir 'n feesgevoel soos min en word betower deur die Kaapse Karnaval-klanke van Die Jaloersbökkies. “Djy sallie kan stilsit nie, vra ons, ons wiet!!”

Laerskool Mooirivier – 60 min. – R90.

7 Okt. – 20:00, 10 Okt. – 17:00

Doep is nie dood nie – Jannie du Toit (Afr.) (A)

'n Solo-aanbieding met teks en musiek oor die lewensbeskouing en werk van Koos du Plessis. Jannie, 'n groot vriend van Koos, laat hiermee Koos se musiek voortleef. “As dit gedaan is en verby, die aarde weer sy erfdeel kry, sal hierdie kluisenaar in my nog iewers in 'n boekrak bly.” – Koos du Plessis (10 Mei 1945 – 15 Januarie 1984) Ook met Susan Mouton (tjello) en Coenraad Rall (klavier/trekklavier). Samesteller en regisseur: Carl Theunissen.

kykNET Konservatorium – 70 min. –

R120. 7 Okt. – 14:00, 8 Okt. – 17:00,

9 Okt. – 10:00

Heartbeat of the Land (Eng./Afr.) (A)

Celebrate the soul of South African music in our veins – like the notes of a piano that connect to create the spirit that grounds us. Gauteng Opera's Forté, through the influences of the world's music, will take you on a journey that will leave us as South Africans united in our diversity.

Forté, with their powerful and amazing voices, will once again share their passion and enthral the festivalgoers.

**kykNET Conservatory – 70 min. – R95.
9 Okt. – 14:00**

iVrede (Afr.) (A)

Veeltalig. Veelkleurig. Vredevol. Musiek is een van die elemente wat 'n land en sy mense één kan maak en laat saamleef in vrede en harmonie. In die jaar waarin die 20ste demokrasie van Suid-Afrika gevier word en waarin 'n nasionale verkiesing plaasgevind het, was vrede en stabiliteit lanklaas so nodig as nou. Met *iVrede* word gepoog om die boodskap van liefde, vrede, broederskap en nasietrots deur te gee.

Met Louis Looock, Corlea Botha, Bianca le Grange, Katlego Maboe (*Expresso*), die Noordwes-Jeugkoor o.l.v. Niekie van der Walt en Rineke Viljoen en Amore Bekker van RSG as gasvrou. Met 'n orkes van tien lede met Ockie Vermeulen as musiekregisseur. Konsep en vervaardiger namens die ATKV en die US Woordfees: Ilse Schürmann. Aangebied in samewerking met die US Woordfees en RSG.

**Sanlam Ouditorium – 70 min. – R120.
12 Okt. – 14:30**

Kobus Muller sing Engelbert Humperdinck (Eng.) (A)

Kobus Muller het bekendheid verwerf toe hy Patricia Lewis se *Supersterre* in 2007 gewen het met meer as twee miljoen Suid-Afrikaners wat weekliks vir hom gestem het. Sy stemomvang wissel van dié van Josh Groban tot Mario Lanza. Hy het al "Nkosi Sikelel' iAfrika" vir die staatspresident gesing, in die voorprogram vir Smokie opgetree en deesdae bring

hy hulde aan Engelbert Humperdinck met wonderlike vertolkings van "Quando, Quando, Quando", "Spanish Eyes" en "Please Release Me". Bindingstekes en regie: Frans Swart.

Totiussaal – 70 min. – R100. 7 Okt. – 20:00, 9 Okt. – 12:00

Koos van der Merwe sing Leonard Cohen in Afrikaans (Afr.) (A)

Die bykans onmoontlike is meesterlik vermag – Leonard Cohen se treffers verewig in Afrikaans! Met liedjieskrywer en digter Koos van der Merwe agter die mikrofoon transformeer bekende treffers soos "Dance Me to the End of Love" ("Dans my na die einde toe"), "Hallelujah" en "Famous Blue Raincoat" ("Bekende blou reënjas") tot pure Cohen in melankoliese en betowerende styl.

**Laerskool Mooirivier – 80 min. – R125.
7 Okt. – 10:00, 8 Okt. – 14:00,
9 Okt. – 20:00, 10 Okt. – 09:30**

Nianell (Afr./Eng.) (A)

Nianell is a platinum-selling vocal gymnast, who dazzles audiences with her range of four octaves. She includes elements of folk, pop, R&B, country, classical and Celtic music in her song writing and accompanies herself on piano and acoustic guitar.

kykNET Conservatory – 90 min. – R120. 10 Okt. – 17:00, 11 Okt. – 17:00

Posduif: Chris Chameleon en Daniella Deysel (Afr./Eng.) (A)

Die buitewêreldse stemvermoëns van Chris Chameleon en sy unieke benadering het hom stewig gevestig as 'n onvergelykbare kunstenaar. Vanjaar span Chris saam met die opwindende jong digter en

sangeres Daniella Deysel. Chameleon se toonsettings van die ontslape digter Ingrid Jonker het vir hom lof verwerf en hy het nou hierdie gawe toegepas op die besondere digkuns van Deysel. Sy unieke toonsettings bevestig opnuut Chameleon se soeke na nuwe uitingsvorme en sy gawe om deur die mure om harte te breek.

Laerskool Mooirivier – 80 min. – R120.

7 Okt. – 14:00, 8 Okt. – 10:00,

9 Okt. – 17:00

Rocco de Villiers – Country Boy, Almost (A)

“Rocco, Antie Polla kan sien jy is anders. Maar anders is nie verkeerd nie. Moet dit nooit vergeet nie. Anders is net – anders. Dis al.” Pianis Rocco de Villiers vertel hoe hy sy wêreld met musiek en klank vermeng en dit laat werk – met sy een voet in die Vrystaatse platteland en die ander in Sandton. Musiek van sy nuutste album, *Countrykeys*, kan gehoor word soos “Some Broken Hearts Never Mend”, “Crazy”, “Take Me Home, Country Roads”, “Hoe groot is U”, “Roccobilly”, ’n Jim Muller-keurspel, “Unieke bekoring”, “Music Box Dancer”, “The Power of Love” en “Cavatina”.

kykNET Konservatorium – 90 min. – R125. 9 Okt. – 20:00, 10 Okt. – 10:00

Sentimental Journey – Kevin Leo & Charlize Berg (Eng.) (A)

’n Sentimente en nostalgiese reis met van die mooiste musiek van alle tye. ’n Lus vir die oor. Kevin Leo (43) vier vanjaar sy 20ste jaar in die bedryf as professionele

sanger en Charlize Berg (22) het saam met hom begin optree toe sy 16 jaar oud was en is nou ’n sanger in eie reg. Saam op die verhoog herinner die twee aan Frank Sinatra en sy dogter Nancy.

Laerskool Mooirivier – 60 min. – R125.

9 Okt. – 12:00, 10 Okt. – 14:30,

11 Okt. – 10:00

Navi Redd (Afr./Eng.) (A)

No instruments, no problem! Ná 10 jaar in die vermaakbedryf is dit nog steeds daardie een vertoning wat jy nie mag misloop nie. Ouer, gryser, wyser, beter... Die rebelle van a capella is terug met ’n produksie propvol treffers – elk verwerk op die unieke Navi Redd-manier. ’n Heerlike mengsel van stem, klank, humor en energie.

kykNET Konservatorium – 80 min. – R120. 10 Okt. – 20:00, 11 Okt. – 14:00

Taal van my hart (Afr.) (A)

’n Ballade vir Afrikaans – ’n reis deur die mooiste Afrikaanse musiek van die afgelope 60 jaar. Nuwe verwerkings van die Briels tot Die Heuwels Fantasties, Mimi Coertse tot Fokofpolisiekar, met “Lisa se klavier”, “Sally Williams Nougat” en “Stille waters”. Ná die sukses van *Musiek van die silwerdoek* bied Magdalene Minnaar dié program van haar gunsteling-hartsliedjies aan met klavierghoeroe Janine Neethling en bekroonde baskitaarspeler Schalk Joubert saam met haar op die verhoog. Premiére.

kykNET Konservatorium – 60 min. – R110. 7 Okt. – 20:00, 8 Okt. – 14:00

KLASSIEKE MUSIEK

Canciones Españolas (Eng./Spanish) (A)

Soprano Zanne Stapelberg teams up with guitar virtuoso James Grace for a riveting musical experience: The combination of popular and exotic classical music and contemporary Spanish songs form a rich tapestry of sound. The programme includes Spanish melodies of Enrique Granados and Manuel de Falla, as well as music of the Argentinean tango composer Astor Piazzolla. There is also music from the soundtracks of the popular movies *Frida* (Lila Downs) and *Don Juan DeMarco* (arrangement Bryan Adams), as well as an arrangement of Harold Arlen's "Somewhere over the Rainbow" by the young South African composer Braam du Toit and a new composition by celebrated composer Matthys van Dijk on a poem from Pablo Neruda's *The Book of Questions*.

**kykNET Conservatory – 75 min. – R120.
8 Okt. – 20:00**

Charl du Plessis-trio speel Bach (A)

Du Plessis, Steinway-kunstenaar en Samewenner, se nuwe verwerkings vir sy gewilde jazz-trio laat musiek van Barok-komponiste Bach, Handel en Vivaldi *swing* en is eksklusief op die jazz- en kunsmusiek liefhebber gemik. Dié uitvoering is in Switserland aangebied, waar dit op CD vasgelê is, en is in 2013 met die prys as beste debuutproduksie by die Vryfees in Bloemfontein vereer. Met Charl du Plessis (klavier), Werner Spies (kontrabas) en Hugo Radyn (tromme).

**kykNET Konservatorium – 70 min. – R110.
11 Okt. – 10:00**

Kamermusiek van Brahms (A)

Johannes Brahms het kamermusiek tot 'n hoogtepunt gevoer gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu. Dié program – in 'n Romantiese styl – is lires en opwindend en sal liefhebbers van klassieke musiek bekoor. Piet Koornhof (viool), Human Coetzee (tjello), Elmarie van der Vyver (altviool) en Waldo Weyer (klavier) kan gehoor word in hierdie uitvoering

van Brahms se *Strykkwartet in A, op. 26* en die *Trio in C mineur, op. 100*.

**kykNET Konservatorium – 85 min. – R110.
8 Okt. – 10:00**

Poskantoor (Afr.) (Geen o/16: T/S) (Komiese opera)

Die eerste Afrikaanse opera van die 21ste eeu. 'n Komiese opera uit Suid-Afrikaanse bodem propvol kinkels, kables, katkoppe, klassestryde, liefde oor die kleurgrens, klasgrens en klankgrens heen, gondeliers en pseudo-masochisme. Met Jannie Moolman, Magdalene Minnaar, Elizabeth Frandsen, Lynelle Kenned en Bongani Kubheka. Komposisie: Braam du Toit. Libretto: Tertius Kapp. Regie: Jaco Bouwer. Première. 'n Ko-produksie tussen Clover Aardklop en die Nasionale Kunstefees.

**Sanlam Ouditorium – 100 min. – R130. 7
Okt. – 14:30, 8 Okt. – 20:30, 9 Okt. – 14:30**

Requiem for the Living (Eng.) (A)

Komponiste Dan Forrest en Karl Jenkins se musiek word saamgesnoer in 'n opwindende produksie van die NWU se Puk-koor en die Puk-simfonieorkes. Die program bestaan uit twee toeganklike werke van dié twee lewende komponiste. Forrest se "Requiem for the Living" (2013) is 'n hartroerende klankbaanagtige komposisie wat besig is om vinnig 'n gunsteling onder wêreldgehoorte word. Jenkins is tans die lewende komponis wie se werke wêreldwyd die meeste uitgevoer word. Sy "Gloria" (2009) is gebaseer op engele se lofprijsing van Christus se geboorte. Interessante perkussie sorg vir opwinding vir die gehoor.

**NG Kerk Miederpark – 75 min. – R80. 9
Okt. – 17:00, 11 Okt. – 11:00**

Roucher and Elizabeth Catharina du Toit

(Afr./Eng./French/German) (A)

Organist Roucher du Toit in concert with his daughter, soprano and violinist Elizabeth Catharina du Toit. Elizabeth and Roucher will perform works of Handel, Bach and Le Roux

Marais and others. This father-and-daughter duo has performed at numerous events in South Africa and this is their first concert at Clover Aardklop.

**NG Kerk Miederpark – 60 min. – R100.
10 Okt. – 14:30**

Roelof Temmingh (en Zorada) (A)

Die jong pianis Roelof Temmingh (17) maak tans opgang in Suid-Afrika se musiekwêreld. Sy virtuositeit en sensitiewe interpretasies is uitsonderlik vir sy ouderdom. Hy het vanjaar die eerste prys asook al die kategoriepryse in die gesogte Hennie Joubert Nasionale Klavierkompetisie gewen en is die jongste kunstenaar nog wat as solis in die Nederburg-konsertreeks opgetree het. Sy program bestaan uit bekende klavierwerke van onder andere

Bach, Chopin, Rachmaninoff, Grieg, Debussy, Ravel en Prokofiëf. Sy onderwyser en ma, Zorada, sal by hom aansluit vir 'n verrassing of twee.

**kykNET Konservatorium – 60 min. – R100.
9 Okt. – 17:00**

Russiese trio's (A)

Drie van Suid-Afrika se voorste instrumentaliste – Piet Koornhof (viool), Human Coetzee (tjello) en Olga Tsihelashvili (klavier) – speel aangrypende klaviertrio's van Arensky, Sviridof en Chebodarian. Hartstogtelike, vurige en meesleurende Russiese en Armeense kamermusiek uit die negentiende en twintigste eeu.

**kykNET Konservatorium – 75 min. – R120.
7 Okt. – 17:00**

WOORDKUNS

God die digter (Afr.) (OB)

'n Viering van T.T. Cloete se 90ste verjaarsdag. "Daar is meer poësie in die sneeuvalkkie en toktokkie, as in die letterkunde, want die aarde is deur 'n digter gemaak..." Die skeppingsverhaal word oorvertel met poësie en toonsettings van die bekroonde digter T.T. Cloete, wat op 90-jarige ouderdom self in 'n intieme atmosfeer sy gedigte voorlees. In dié eiesoortige produksie word musiek by die woord gevoeg deur musikante Babette Viljoen en Olga Leonard. Musiekregie: Lize Beekman.
**kykNET Konservatorium – 70 min. – R120.
7 Okt. – 10:00, 10 Okt. – 14:00**

Mits dese wil ek vir jou sê... (Afr.) (A)

Uittreksels uit sy verhale, dagboeke, briewe en kabarette stel die geliefde skrywer Hennie Aucamp aan die woord. Mits dese sê ons dankie dat hy vir die grootste gedeelte van sy 80 jaar onverpoos so mildelik van homself gegee het. Die produksie dien ook as huldeblyk vir Aucamp wat vroeër vanjaar oorlede is. Met Johann Nel en André Terblanché. Samestellers: Juanita Swanepoel en Johann Nel. Regie: Juanita Swanepoel.

**Boys High – 75 min. – R95. 7 Okt. – 14:30,
8 Okt. – 12:30, 9 Okt. – 14:00 en 16:00**

TERREINPROGRAM

Afskopkonsert (Afr.) (A)

Kom skop die fees af met Andriëtte Norman, Pieter Koen, Snotkop, Wynand & Chereë en 4 Werke (dié supergroep bestaan uit Nicholis Louw, Elizma Theron, MoniQue en Ray Dylan). *Die konsertkaartjie sluit outomaties terreintoegang in vir die hele dag asook 'n after-party wat om 22:00 begin by die kykNET Musiek-verhoog.*

**Clover-musiekverhoog, Feesterrein – 240 min. – R150 (goue sirkel)
R90 (volwassenes) en R50 (kinders)
7 Okt. – 17:30**

Woensdag-kuierkonsert (Afr./Eng.) (A)

Met Lianie May, Nadine, David Fourie, Manie Jackson, Hennie Jacobs, Liza Broner en Amoré. Die Campbells skop die *After-party* af om 22:00 op die kykNET Musiek-verhoog. *Die konsertkaartjie sluit outomaties terreintoegang in vir die hele dag asook 'n after-party wat om 22:00 begin by die kykNET Musiek-verhoog.*

**Clover-musiekverhoog, Feesterrein – 240 min. – R150 (goue sirkel), R80 (volwassenes) en R40 (kinders)
8 Okt. – 17:30**

Albert Hammond @ Clover Aardklop (Afr./Eng.) (A)

Albert Hammond will be touring South Africa in October and presents a special concert at Clover Aardklop. Hammond, singer and songwriter, is known for songs like “The Free Electric Band”, “The Peacemaker” and “It Never Rains in Southern California”. Wynand & Chereë will open the concert.

Tickets to the concert automatically includes entrance to the festival grounds for the entire day.

Albert Hammond's South African tour also includes concerts at Grand West Arena in Cape Town as well as at Carnival City in Johannesburg.

**Clover Music Stage, Festival Grounds – 140 min. – R250 (golden circle), R110 (adults), R60 (children)
9 Okt. – 19:00**



Vrydag-jol

(Afr.) (A)

Met Juanita du Plessis (met Ruan en Franja), IMJ, Jannie Moolman en Corlea Botha, Dewald Wasserfall, Jakkie Louw en Nicholis Louw word die naweek op 'n vrolike gesinsnoot begin. *Die konsertkaartjie sluit outomaties terreintoegang in vir die hele dag asook 'n after-party wat om 22:00 begin by die kykNET Musiek-verhoog.*

Clover-musiekverhoog, Feesterrein – 240 min. – R200 (goue sirkel), R120 (volwassenes) en R70 (kinders)
10 Okt. – 17:30

After-party

(Afr./Eng.) (geen o/16)

Laataand weerklink die klanke gemik op die jonges van gees met Bittereinder, Jack Parow en DJ Naaldekokker wat tot 00:30 die terrein op horings gaan neem. Daar is elke aand om 22:00 'n *after-party* op die kykNET Musiek-verhoog, maar op 10 Oktober kan jy spesiaal net vir dié *after-party* 'n kaartjie koop, of jy kan aanbly na die hoofverhoogmusiekkonsert en by die jonges aansluit.

After-party kaartjies sluit net toegang in vir

die after-party. Toegang tot die terrein op dié kaartjie is geldig van 21:00 af. Gewone Vrydag-kaartjies gee ook toegang tot die after-party.

kykNET Musiek-verhoog, Feesterrein – 150 min. – R50
10 Okt. – 22:00 (toegang vanaf 21:00)

Saterdag-opskop

(Afr./Eng.) (A)

Sluit die fees af met 'n genotvolle musiekaand saam met Bobby van Jaarsveld, Karlien van Jaarsveld, Riana Nel, Robbie Wessels, Elizma Theron, Jay, Gerhard Steyn en Theuns Jordaan. *Die konsertkaartjie sluit outomaties terreintoegang in vir die hele dag asook 'n after-party wat om 22:00 begin by die kykNET Musiek-verhoog.*

Clover-musiekverhoog, Feesterrein – 240 min. – R150 (goue sirkel), R120 (volwassenes) en R70 (kinders)
11 Okt. – 17:00



KINDERVERMAAK



7 OKT.	8 OKT.	9 OKT.	10 OKT.	11 OKT.
Oom Karoolus en Lente	Gretha Pers	Oom Karoolus en Lente	Lollos	Tjiff en Tjaff
Sonja en Tjokker	Oom Karoolus en Lente	Tjiff en Tjaff	Oom Karoolus en Lente	Nedine Blom
Nedine Blom	Sonja en Tjokker	Lollos	Tjiff en Tjaff	Oom Karoolus en Lente
Gretha Pers	Nedine Blom	Gretha Pers	Sonja en Tjokker	Sonja en Tjokker
Tjiff en Tjaff	Tjiff en Tjaff	Sonja en Tjokker	Gretha Pers	Gretha Pers

Kinderverhoog op die terrein (hou die webwerf dop vir tye – dit begin daaglik om 09:30)

TERREINTOEGANG

TERREINTOEGANG CLOVER AARDKLOP, 7-11 OKTOBER 2014

09:00 tot 00:00

	Weektoegang	DI. 7 Okt.	WO. 8 Okt.	DO. 9 Okt.	VR. 10 Okt.	SAT. 11 Okt.
Volwassenes		R 90	R 80	R 110	R 120	R 120
Goue Sirkel (almal)		R 150	R 150	R 250	R 200	R 150
Skoolgaande Kinders		R 50	R 40	R 60	R 70	R 70
Weekkaartjie: Volwassenes	R 300					
Weekkaartjie: Kinders	R 200					

KAARTJIES TE KOOP BY  **Computicket**
die karte en die vertrek

